

Tema: **In God bly hoop lewend**

Skriflesing: Jesaja 40 (Jesaja beteken: "die Here bewerk redding")

Sien jy kans vir môre en oormôre?

Die volk van die Here sien, in in die tyd van Jesaja 40, nie kans vir hul toekoms nie. Hulle sit in ballingskap. Hulle is sonder hoop. Hulle is moeg en moedeloos. Uit hulself kan hulle niks aan hul situasie doen nie, want hulle is nietige mense. Hulle is soos gras. Alles waarop hulle staatmaak is soos 'n veldblom. As die Here sy wind daaroor laat waai verdor die gras en die blomme verwelk.

Die volk voel soos plante wat ontwortel is en op 'n ander plek neergegooi is waar hulle lê en doodgaan. Hulle sê: "Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby."

Hulle dink waarskynlik dat God niks aan hulle situasie kan doen nie. Daarom het hulle al voor hul in ballingskap beland het, nie op Hom alleen vertrou nie. Toe die Babiloniers hulle bedreig, het hulle hul eie planne gemaak. Hulle het, in ongehoorsaamheid aan die Here, koalisies met ander volke gesluit.

Die feit dat hulle in ballingskap sit, bevestig vir hulle dat God sy stryd teen die Babiloniese gode verloor het. Die volk dink dat die Here dalk tussen die puinhope van sy verwoeste tempel sit, terwyl hulle moet voortsukkel in ballingskap.

Dan word daar aan hul iets totaal nuut aangekondig. Hulle swaarkry is verby. God het hulle sondeskuld vergewe. Hy gaan met sy ballingskapvolk 'n nuwe begin maak.

Dit asof God hom in hierdie hoofstuk opnuut aan Sy volk bekendstel. Hy gee vir hulle 'n prentjie van wie Hy werklik is.

1. Hy is die triomfanklike Koning.

Na 'n oorwinning van 'n koning van Babel is die koning triomfanklik in die stad ingelei terwyl skares juig en trompette blaas. Van Babel se vernaamste afgode is saamgedra in hierdie triomftog.

Ons lees hier dat die pad nou vir God voorberei moet word. Elke moontlik struikelblok moet uit die weg geruim word. Hy sal die oorwinning behaal. Die volk sal triomfanklik deur God uit ballingskap uitgelei te word. Soos met die uittog uit Egipte, lei God self die nuwe uittog terug na hul eie land toe. Gedurende hierdie uittog sal die mag van God vir almal sigbaar wees. Soos 'n koning sal Hy sy volk uitlei. Soos 'n Herder sal Hy hulle dra.

2. Hy is die goeie Herder.

Soos 'n herder versorg Hy sy kudde. Hy vou ons as weerlose lammers in sy arms toe. Hy druk ons aan sy bors. Hy sorg vir die ooie met lammers.

Die Babelse afgode is deur die aanbidders gedra. God is anders. Hy dra vir ons.

3. Hy is die almagtige skepper God.

Hy is in beheer. Hy is die skepper van die wêreld. Hy is onvergelykbaar groot.

Ons lees in Jesaja 40:12: "Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet, met die breedte van sy hand die maat van die hemel bepaal, met 'n maatemmer die grond van die aarde afgemeet, met 'n skaal die berge en die heuwels geweeg?"

Hy troon bokant sy skepping. Hy span die hemel soos tent oop vir ons om onder te woon.

Nasies is voor Hom niks, soos 'n druppel aan 'n emmer of 'n stoffie op 'n skaal.

Ons lees in Jesaja 40:23-24: "Hy maak die verneme mense tot niks, die heersers van die wêreld asof hulle nie bestaan nie. Skaars is hulle geplant, skaars is hulle gesaai, skaars het hulle wortelgeskiet, of Hy blaas sy asem oor hulle, en hulle verdor, die stormwind vat hulle weg soos stoppels."

Sy skeppings- en verlossingsplan is in detail beplan. Die nasies kan hierdie plan nie keer nie!
Hy sal dit uitvoer. Hy gaan die Persiese koning Kores gebruik om sy volk na 70 jaar uit Babiloniese ballingskap te bevry.

In oogwink kan Hy vername mense, die heersers van die wêreld tot niks maak nie. As Hy sy asem oor hulle blaas is dit duidelik dat mense soos gras is.

Ander gode is voor Hom niks. Die gode van die nasies word deur mense gemaak en versier. As jy arm is, laat jy vir jou 'n god van hout maak. Jy kry 'n goeie ambagsman om hul te maak sodat hulle tog net nie omval nie.

Vir die Babiloniërs is die sterre gode. Vir God is die sterre die maaksels van sy hande. Nie net maak Hy miljoene sterre nie, Hy is ook betrokke by die lotgevalle van elkeen afsonderlik.

Gaan roep dit uit: Hy is die magtige! Hy regeer, ook in hierdie verwarde deurmekaar wêreld!
En Hy is nie nie daar ver nie.

Hy is ons getroue Verbondsgod.

Ballinge het hulself gesien as nuttelose mense. In God se oë is hulle begenadigde mense, sy uitverkore dienaars. Hy kondig Homself in Jes 40:1 aan as "julle" God. Hy is die God wat kies om vir sy volk 'n God te wees. Hy begin weer voor met sy volk. Hy vergewe hul sonde. Hy bring sy volk saam. Hy maak hulle syne. Die wat aan Hom behoort, is by Hom. (Jes 40:10)

God het by ons doop vir elkeen van ons verseker: Ek wil jou God wees en die God van jou nageslag. God is hier, by ons. Deur Jesus Christus het Hy klaar vir ons sonde betaal. Ons is vry. Ons moet Hom toelaat om ons, saam met Hom, in sy triomftog uit sondegevangenis en wêreldse ballingskap uit te lei.

Maar dit is nie altyd so maklik nie. Ons leef in 'n seer en stukkende wêreld. Daar is soveel dinge wat ons hoop wil steel. Daar is soveel dinge wat maak dat ons nie kans sien vir die toekoms nie en ons harte vashou oor ons kinders se toekoms.

Van ons se huwelike of gesinne is nie die veilige hawens wat God dit bedoel het om te wees nie. Daar hang 'n vraagteken oor ons gesondheid of finansies. Daar is onsekerheid by ons werk. Polities is dinge oral deurmekaar. Die veiligheidsituasie lyk sleg. Soveel so dat ons soos ballinge in ons eie land voel. Ons is moeg en moedeloos. As sy kinders voel ons ook soms: "Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby."

Kan dit verander en as dit kan, hoe kan dit verander? Hoe kan ek weer hoop kry en kans sien vir die toekoms?

Ek moet besef dat ek klein en nietig is, 'n druppel aan 'n emmer; 'n stoffie op 'n skaal. En ek moet besef wie God is. Hy is almagtig. Hy is die triomfanklike Koning, goeie Herder, almagtige Skepper en getroue Verbondsgod.

En ek moet God toelaat om my God te wees. In besef van my eie nietigheid, moet ek my hande in geloof in God se hand plaas en Hom laat voorloop.

Dan sal ook ek, in die woorde van Jes 40:28-31, kan getuig:

²⁸Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik.

²⁹Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie. ³⁰Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, ³¹maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie." **AMEN**

Voorstel vir skakel in kuberamma

Preke

Die volk voel soos plante wat ontwortel is en op 'n ander plek neergegooi is waar hulle lê en doodgaan. Hulle sê: "Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby." God gee opnuut vir hulle 'n prentjie van wie Hy werklik is, byvoorbeeld: die Triomfantlike Koning, die Goeie Herder en die Almagtige Skepper. Sien jy kans vir môre en oormôre? *In God bly hoop lewend* .